**15 Augustus** **Skrifgedeelte: Numeri 13:26-14:12**

FOKUSGEDEELTE: NGB, ART 1

## God is almagtig

’n God is per definisie magtig. Elke mens wat voor ’n god buig, bely die almag van sy god. Tog is afgode magteloos. Hulle het monde, maar praat nie, oë, maar sien nie, en ore, maar hoor nie (Ps 135:15-18). Daar is net één God wat werklik bestaan en almagtig is. Hierdie God bewys nie net met wonderdade dat Hy almagtig is nie, maar neem ook aanstoot as sy dienaars sy almag onderskat (Num 14:11). Wanneer die Israeliete sy almag onderskat wil God die volk uitroei (Num 14:12).

Om die almag van God te onderskat, beteken om die realiteit van omstandighede swaarder te laat weeg as God se beloftes. Dit is ’n oortreding wat ook vandag maklik en dikwels begaan word. Tien van die twaalf verkenners swig voor hierdie versoeking. Al het God Kanaän aan hulle beloof lyk die struikelblokke wat oorkom moet word net te groot (Num 13:31).

Mense wat die almag van God onderskat, ly almal aan dieselfde oogsiekte. Hulle kry sprinkaan-en-reus-visie. Teenstanders van wat God belowe lyk vir hulle soos reuse, terwyl hulle in hulle eie oë self soos sprinkane lyk (Num 13:33). Natuurlik moet ’n mens realisties wees, maar is die almag en getrouheid van God nie die grootste realiteit nie? As jy dít buite rekening laat, kyk jy mos skeef.

Doen daarom vandag ’n geestelike oogtoets! Ly jy aan sprinkaan-en-reus-visie? Daar is hulp. ’n Engel kan vir jou ’n bril opsit. Hy het dit eendag gedoen toe hy vir ’n maagd in Nasaret moes gaan sê (Luk 1:37): “Niks is vir God onmoontlik nie.”

*DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)*

~~~~~~~~~~~~~~~~
~~~~~~~~~~~~~~~~